# Sinne, sinstruktuur en sinstipes

Herman L. Beyer

Dept. Taal- en Literatuurstudie
Universiteit van Namibië

# Die doel van hierdie sessie

- om deelnemers ’n ”alternatiewe” agtergrond oor die rol van sintaksis in taalonderwys te bied;
- om deelnemers se kennis oor sinstruktuur en sinstipes te verfris;
- om deelnemers die geleentheid te gee om te besin oor wátter inhoud ter sprake behoort te wees en hóé daardie inhoud (binne ’n geïntegreerde benadering) onderrig kan word.

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Die rol van sintaksis in taalonderwys

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PVATN

# Woorde as die boustene van taal: Eenvoudige boodskappe

- Sit
- Eina
- Ja
- Asseblief

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Woorde as die boustene van taal: Komplekse boodskappe

* kombuis ’n neergesit toonbank slaai die op het bak die in ek

Ek het ’n bak slaai op die toonbank in die kombuis neergesit.

# Vereistes vir suksesvolle kommunikasie

’n Goeie sin moet op minstens **twee maniere** sin maak om suksesvol te kan kommunikeer:

- Dit moet **grammatikaal** sin maak, met ander woorde,
  (a) die taalboustene waaruit dit bestaan, moet in **die regte volgorde** staan, en
  (b) hulle moet **die regte vorm** hê.
- Dit moet ’n **betekenis** oordra wat sin maak, naamlik die betekenis wat die spreker/skrywer wil oordra.

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Die woordsoorte

| | | | (4)a | | (4)b | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek | het | die | **bak** | slaai | **op** | die | toonbank | in | die | kombuis | neergesit. |
| | | | bord | sop | langs | | tafel | | | | |
| | | | emmer | vleis | onder | | yskas | | | | |
| | | | skottel | | agter | | | | | | |
| | | | vinnig | | seker | | | | | | |
| | | | en | | blik | | | | | | |
| | | | hulle | | want | | | | | | |

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA
PV A TN

# Basiese sinstruktuur

’n **Basiese sin** = ’n positiewe, neutrale, enkelvoudige stelsin

’n Basiese sin bestaan uit twee primêre komponente:

- die onderwerp
- die predikaat

# Basiese sinstruktuur

Vergelyk die volgende sinne:

- Jan skop die bal.
- Die geel hond vreet sy smaaklike kos.
- Die student op die dak van die natuurwetenskappegebou op die hoofkampus van die Universiteit van Namibië in Windhoek sê niks.
- Jy lieg.

**BASIESE SIN = ONDERWERP + PREDIKAAT**

# WOORDORDE

**ONDERWERP (SUBJECT)** — S

Die persoon, dier of ding wat die handeling van die werkwoord uitvoer

**V 1 (VERB 1)** — V1

Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord of hulpwerkwoord)

**TYD (TIME)** — T

Wanneer die handeling uitgevoer word

**VOORWERP (OBJECT)** — O

Die persoon, dier of ding waarop die handeling uitgevoer word

**MANIER (MANNER)** — M

Hoe die handeling uitgevoer word

**PLEK (PLACE)** — P

Waar die handeling uitgevoer word

**V 2 (VERB 2)** — V2

Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord)

**INFINITIEF (INFINITIVE)** — I

Waarom die handeling uitgevoer word (om ... te ... )

Predikaat

Ons laat **I** uit, want dis 'n bysin, en ons fokus is op enkelvoudige sinne.

VISIONS CONSULTING

UNAM UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Basiese sinstruktuur

**DIE PREDIKAAT**

- Die predikaat van die sin bestaan uit die werkwoord (direk na die onderwerp) en die res van die sin.
- Dit gee ons die **SVR-volgorde** in Afrikaans (en die ander Germaanse tale).

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Sinsvolgordes in Afrikaans

**DIE PREDIKAAT**

- Die predikaat van die sin bestaan uit die werkwoord (direk na die onderwerp) en die res van die sin.
- Dit gee ons die **SVR-volgorde** in Afrikaans (en die ander Germaanse tale).
- Die SVR-volgorde is een van ’n aantal sinsvolgordes in Afrikaans.

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Sinsvolgorde

**SVR-volgorde**

**= S $v_1$ T O M P $v_2$**

**= stelsin**

## WOORDORDE

**ONDERWERP (SUBJECT)** — S
Die persoon, dier of ding wat die handeling van die werkwoord uitvoer

**V 1 (VERB 1)** — V1
Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord of hulpwerkwoord)

**TYD (TIME)** — T
Wanneer die handeling uitgevoer word

**VOORWERP (OBJECT)** — O
Die persoon, dier of ding waarop die handeling uitgevoer word

**MANIER (MANNER)** — M
Hoe die handeling uitgevoer word

**PLEK (PLACE)** — P
Waar die handeling uitgevoer word

**V 2 (VERB 2)** — V2
Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord)

**INFINITIEF (INFINITIVE)** — I
Waarom die handeling uitgevoer word (om ... te ... )

T O M P V2 = **R**

Ons laat **I** uit, want dis 'n bysin, en ons fokus is op enkelvoudige sinne.

VISIONS CONSULTING

UNAM UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Basiese sinstruktuur

**DIE PREDIKAAT**

- Die predikaat van die sin bestaan uit die werkwoord (direk na die onderwerp) en die res van die sin.
- Dit gee ons die **SVR-volgorde** in Afrikaans (en die ander Germaanse tale).
- Die SVR-volgorde is een van 'n aantal sinsvolgordes in Afrikaans.
- Hoeveel sinsvolgordes is daar?

# Sinsvolgordes in Afrikaans

**Hoeveel sinsvolgordes is daar in Afrikaans?**

- Een?
- Twee?
- Drie?
- Vyf?
- Ses?
- Sewe?
- Twee-en-twintig?
- Sewe-en-dertig?
- Ons weet nie eintlik nie.

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Sinsvolgordes in Afrikaans

**Die basiese sinsvolgordes in Afrikaans**

- SVR-volgorde
- Inversievolgorde
- Aanloopinversievolgorde
- Imperatiefvolgorde
- Bysinvolgorde

UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Sinsvolgorde

**Inversievolgorde**

**= $v_1$ S T O M P $v_2$**

**= algemene vraagsin**



# Sinsvolgorde

**Aanloopinversievolgorde**

**= X $v_1$ S T O M P $v_2$**

**= sin met vooropplasing**

**= spesifieke vraagsin**




UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Sinsvolgorde

**Imperatiefvolgorde**

**= ~~S~~ $v_1$ T O M P ~~$v_2$~~**

**= bevelsin**



# Sinsvolgorde

**Bysinvolgorde**

**= Y S T O M P $v_2$ $v_1$**

**= bysin**

**Y** = onderskikkende voegwoord of betreklike voornaamwoord




UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

# Bysinne

**Bysinne**

- S [Y T O M P $v_2$ $v_1$] $v_1$ T O M P $v_2$ = *betreklike bysin (by* ***S****)*
- S $v_1$ T O [Y T O M P $v_2$ $v_1$] M P $v_2$ = *betreklike bysin (by* ***O****)*
- S $v_1$ T [Y S T O M P $v_2$ $v_1$] O M P $v_2$ = *byw. bysin van tyd*
- S $v_1$ T O M [Y S T O M P $v_2$ $v_1$] P $v_2$ = *byw. bysin van manier/wyse*
- S $v_1$ T O M P [Y S T O M P $v_2$ $v_1$] $v_2$ = *byw. bysin van plek*
- Die **I** van **STOMPI** is 'n infinitiefsin ('n spesiale soort bysin).

UNAM UNIVERSITY OF NAMIBIA

PV A TN

# Volgorde van bepalings en bysinne

## WOORDORDE

**ONDERWERP (SUBJECT)** — S
Die persoon, dier of ding wat die handeling van die werkwoord uitvoer

**V 1 (VERB 1)** — V1
Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord of hulpwerkwoord)

**TYD (TIME)** — T
Wanneer die handeling uitgevoer word

**VOORWERP (OBJECT)** — O
Die persoon, dier of ding waarop die handeling uitgevoer word

**MANIER (MANNER)** — M
Hoe die handeling uitgevoer word

**PLEK (PLACE)** — P
Waar die handeling uitgevoer word

**V 2 (VERB 2)** — V2
Die handeling wat uitgevoer word (hoofwerkwoord)

**INFINITIEF (INFINITIVE)** — I
Waarom die handeling uitgevoer word (om ... te ... )

VISIONS CONSULTING
UNAM UNIVERSITY OF NAMIBIA
PVATN